# HAAT, VREES, AFSKU - BOEREVROUE SE HOUDING TEENOOR SWART MENSE SOOS WEERSPIEËL IN DAGBOEKE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902, EN DIE NALATENSKAP DAARVAN

**Jackie Grobler**[1]

*Abstract*

*This article explores one of the many possible links between the Anglo Boer War of 1899-1902 and the institution of apartheid in South Africa from 1948 onwards. The statement is made that the negative attitude towards blacks that contributed to the institution of apartheid, by especially Afrikaans speaking whites, was significantly fuelled by the Boer womens' experiences of blacks during the war. The hypothesis is that these Boer women transplanted their own hate and fear for and abhorrence of blocks during the war to their children, including their children born after the war; that those children grew up with an acquired sense of abhorrence for blacks; and that that abhorrence was an important force in the shaping of their political preferences as adults.*

*The bulk of this article consists of an analysis of the way in which Boer women expressed their hate, fear and abhorrence in their diaries during the war, as well as in memoires compiled soon after the war. Even though it is clear that virtually all Boer women were much more outspoken in their articulation of their hate and abhorrence for the "English", the final conclusion is that the less vociferous abhorrence for blacks as a result of the latters' harsh actions against Boer women during the war cannot be ignored in any analysis of the emergence of apartheid in Afrikaner political thought.*

## Inleiding

In hierdie artikel[2] word ondersoek ingestel na een van verskeie moontlike verbande tussen die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 en die instelling van apartheid in Suid-Afrika van 1948 af. Die standpunt word gestel dat die afwysende gevoelens teenoor swart mense wat tot veral die blanke Afrikaanssprekendes se steun vir apartheid bygedra het, onder meer sterk gevoed is deur Boerevroue se negatiewe ervaringe van swart mense tydens die oorlog. Die hipotese is dat daardie Boerevroue hulle eie haat en vrees vir en wantroue in swart mense as gevolg van hulle

1 Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria.
2 Oorspronklik as referaat voorgedra by 'n dagseminaar oor die Anglo-Boereoorlog, Bloemfontein, 25 Mei 2002.

traumatiese belewenis van sommige optredes van swartes tydens die oorlog, aan hulle kinders - insluitende die geslag wat onmiddellik na die oorlog gebore is - oorgedra het. Hierdie kinders het by wyse van spreke opgegroei met 'n aangeleerde afsku vir swartes, wat vanselfsprekend in hulle latere lewe in hulle politieke voorkeure neerslag sou vind.

Die Britse joernalis en latere eerste minister. J Ramsay Macdonald, het Suid-Afrika onmiddellik na afloop van die Anglo-Boereoorlog in 1902 besoek. Na 'n reis deur die verwoeste eertydse Boererepublieke en gesprekke met 'n groot aantal Boere wat aan die stryd deelgeneem het, waaronder vroue wat in die konsentrasiekampe aangehou is, het Macdonald voorspel dat daar 'n hele geslag Boerekinders gebore sou word wat 'n haat in al wat Engels is, sou uitdra. Hierdie kinders sou gebore word uit moeders wat weens die Britse beleid van plaasverwoesting en konsentrasiekampe tydens die oorlog allerhande ontberings deurgemaak het. Die bittere herinnering aan daardie ontberings sou, het Macdonald aangevoer, langer as enige ander nalatenskap van die oorlog voortleef. Dit sou meebring dat die vroue hulle kinders anti-Engels grootmaak - dat die kinders 'n veragting vir die "Engelse" saam met hulle moedersmelk sou inkry (Macdonald 1942:40-1). Die implikasie van die voorspelling was dat die haat sou voortbestaan totdat daardie geslag Afrikaners wat nog gebore moes word, almal gesterf het.

Dat 'n gevoel van vyandigheid en selfs van haat tussen Boer en Brit in Suid-Afrika een van die belangrike nalatenskappe van die Anglo-Boereoorlog was, word in hierdie referaat as 'n feit aanvaar. By die lees van dagboeke wat tydens die oorlog deur Boerevroue gehou is, word 'n mens gedurig bewus van die diepgewortelde anti-Britse gevoelens van die dagboekskryfsters. Daarbenewens word 'n mens tot 'n mindere mate maar ewe opvallend getref deur dieselfde vroue se uitdruklike vrees vir en afkeer van swart mense. Daardie negatiewe gevoelens word in die opgeskrewe herinnerings van talle Boerevrone bevestig en word in hierdie referaat ontleed. Die feit dat anti-swart gevoelens minder uitdruklik as anti-Britse gevoelens artikuleer word en inderdaad tot 'n mate deur 'n haatgevoel teenoor die "Engelse" verdwerg word, is bes moontlik daaraan toeskryfbaar dat die meeste Afrikaners in die eerste helfte van die twintigste eeu Britse imperialisme eerder as swart nasionalisme as die grootste bedreiging vir die toekoms van die Afrikanergemeenskap beskou het.

Dit is opvallend dat daar tot op hede weinig historiese navorsing oor die persepsies van Boerevroue oor swart mense die lig gesien het. Daardie aspek word in studies wat handel oor die Boerevroue in die Anglo-Boereoorlog na die agtergrond geskuif weens die klem wat eerder val op die vroue se belewenis van die Britte se verskroeide aarde-beleid en van die konsentrasiekampe. Die Britte het wel op groot

skaal van swart Suid-Afrikaners gebruik gemaak om daardie maatreëls op die Boerebevolking af te dwing, maar wat die Boerevroue betref, was dit in die eerste plek die "Engelse" wat vir die trauma en verskrikking verantwoordelik was. Hulle het gevolglik bowenal in hulle geskrifte uiting gegee aan hulle wrewel teenoor die Britte. Inderdaad was daardie anti-"Engelse" gevoelens so oordonderend dat sommige van die enkele Boerevroue wat dagboeke gehou het, soms vir maande oor feitlik niks anders geskryf het nie, en veral na hulle betreding van die konsentrasiekampe geen melding meer van swart mense maak nie. Die gevolg is dat dit moeilik is om 'n deurlopende beeld van Boerevroue se persepsies oor swartes te identifiseer. Onder hierdie omstandighede is dit verstaanbaar dat sommige skrywers gevolgtrekkings gemaak het wat op onvoldoende bewyse berus. Pets Marais (1999:236) gee byvoorbeeld voor dat die dagboeke van Boerevroue meer welwillendheid as negatiwiteit teenoor swart mense weerspieël. Die skrywer van hierdie referaat betwyfel daardie gevolgtrekking. Fransjohan Pretorius (1988:353-4) se stelling in verband met die gesindheid van die Afrikaner teenoor swart mense voor en tydens die oorlog, naamlik dat dit rassisties, meerderwaardig en paternalisties, maar in baie gevalle ook welwillend was, is nader aan die kol. Veral teenoor swart werkers op hulle plase en in hulle huise en teenoor swart vrouens was die Boerevrouens telkens besonder welwillend. Ook dit word in dagboeke en herinneringskrifte weerspieël. Deur aanhalings uit die dagboeke en tydgenootlike geskrifte van onder meer Johanna van Warmelo, Maria Fischer en Alida Badenhorst, en verwysings na 'n verskeidenheid herinneringskrifte, word daar vervolgens aangetoon dat 'n kombinasie van die emosies van haat, vrees en afsku vir veral swart mans 'n sterk teenwoordigheid in die gemoedere van talle Boerevroue gehad het.

## Britse benutting van swartes - algemene opmerkings

Johanna van Warmelo was 22 jaar oud toe die oorlog uitgebreek het. Sy het vir feitlik die volle duur van die oorlog saam met haar ma, mevrou Maria van Warmelo, in hulle huis in Sunnyside, Pretoria gewoon. Haar ma was uit die destydse Noord-Transvaal afkomstig en was as jong meisie een van die inwoners van Schoemansdal wat onder druk van swart mense daardie nedersetting opgegee het. Die belang van hierdie besonderhede sal verder aan in hierdie artikel ter sprake kom. Johanna het kort na die uitbreek van die oorlog, op 19 Oktober 1899, oor die Britte se benutting van swartes in oorlogsdiens in haar dagboek opgeteken: "Laas nag is ons burgers (by Mafeking) deur 'n groot (vyandelike) mag, bygestaan deur sowat 100 gewapende swartes,[3] aangeval… Die benutting van swart mense word oral in Suid-Afrika met afkeur begroet" (Van Warmelo 19 Oktober 1899).

[3] In hierdie artikel word die woorde swartes of swart mense telkens gebruik om na swart Afrikane te verwys. Die oorspronklike skryfsters het soms ander terme gebruik wat tans as kwetsend beskou en gevolglik vermy word.

Twee jaar later het Van Warmelo weer na hierdie kwessie verwys. Sy skryf naamlik op 20 Desember 1901 dat die Britte openlik swartes teen die Boere bewapen. Enkele dae tevore het sowat 50 swartes op die markplein in Pretoria wapens en ammunisie ontvang, waarna hulle deur die belangrikste strate van die stad marsjeer het. "Ons het natuurlik die hele tyd geweet dat dit gebeur, maar nou kan hulle (= die Britte) dit nie meer wegsteek nie... Ek wonder wat gaan die wêreld doen om hierdie barbaarsheid te bekamp. Is dit moontlik dat Engeland kan doen net wat sy wil en elke wet van beskawing goedsmoeds kan oortree?... Die bewapening van swartes is 'n ernstige kwessie. Mense sê dit sal die Hel op Suid-Afrika loslaat - maar laasgenoemde sal niks wees as die swartes van wapens voorsien word nie. Ek ril by die blote gedagte daaraan. 'n Proklamasie is uitgevaardig dat swartes wat aan sekere kwalifikasies voldoen, van die passe vrygestel word. Dit is die begin van dit wat ons die hele tyd nog vrees... As die oorlog nie nou gou endkry nie, gaan dinge sleg gaan met ons" (Van Warmelo 20 Desember 1901).

Ook mevrou Alie Badenhorst, 'n Boerevrou wat in haar dertigs was toe die oorlog begin het en saam met haar gesin op 'n plaas in Wes-Transvaal gebly het, het met afkeur in haar dagboek melding gemaak dat die Britte swartes vir oorlogsdiens benut het. Sy skryf in Julie 1900, toe sy nog op haar plaas was, dat een van haar swart werkers aan haar vertel het dat die plaaslike Britse bevelvoerder aan elke swarte wat hom kon vertel waar daar 'n geweer versteek word, twee pond betaal. Dit het haar hewig ontstel dat die Britte so opgetree en die swartes hulle so laat misbruik het (Badenhorst 1939:182).

Johanna van Helsdingen, wat uit die Oos-Vrystaat gekom het, het in haar oorlogsherinneringe in afwysende toon vermeld dat die Britte swartes as spioene benut het. Volgens haar het die Britte "hulle slegte swartes", soos sy dit stel, na die strooihutte van swart werkers op Boereplase gestuur onder die voorwendsel dat hulle goedere by die plaaswerkers wou koop. Dan vra hulle aan laasgenoemde waar die Boerekommando's is. Volgens Van Helsdingen het dit net by uitsondering gebeur dat die plaaswerkers vals inligting verskaf het, want die meeste van hulle het nie aan die Boere getrou gebly nie (Van Helsdingen c1903:41). 'n Mens kan egter ook aanvaar dat die swart plaaswerkers geïntimideerd gevoel het en bang was vir viktimisasie.

## Algemene afkeer van swartes

Die algemene trant van Johanna van Warmelo se verwysing na swartes dui op 'n diepgewortelde weersin in hulle. Op 5 Junie 1900 was sy 'n onwillige ooggetuie van die Britse besetting van Pretoria. Daardie aand het sy in haar dagboek spesifiek melding gemaak van iets wat haar daardie dag diep gegrief het: "Ek het alles met

hartseer beskou - my bloed het gekook toe ek die vreugde van die swartes en kleurlinge opgemerk het" (Van Warmelo 5 Junie 1900).

Sowat 'n jaar later skryf sy in haar dagboek dat sy aan haar en haar ma se huisbediende, Paulus, basiese onderrig verskaf. Haar eie kommentaar op hierdie taak spreek van blatante paternalisme: "Paulus se onderrig neem heelwat van my tyd in beslag. Ek berou telkens die halfuur wat ek spandeer om ons 'neger' se kop te probeer regkry, maar hy is baie ywerig. Ek hoop net hy baat daarby. Ek stem nie regtig daarmee saam om swartes te leer lees en skryf nie, maar hy (Paulus) is 'n besondere swarte" (Van Warmelo 19 April 1901).

Sowat drie weke later was Van Warmelo as verpleegster in die Irene-konsentrasiekampe werksaam. Die tente waarin sy en die ander verpleegster geslaap het, was aan die een kant van die kamp, met agter hulle die verlate veld. Hieroor het sy op 14 Mei 1901 in haar dagboek geskryf: "Ek wonder of dit vir jong meisies heeltemal veilig is om alleen eenkant te slaap. Ek is nie senuagtig nie, maar sommige van die swartes wat hier werk is kwansuis so wonderlik dat mens nooit weet wat se kwade planne hulle wil deurvoer nie. Ek het niks met hulle te doen nie, maar 'n swart man is afskuwelik brutaal" (Van Warmelo 14 Mei 1901).

**Boerevroue se belewenis van swart mense wat deur die Britte teen hulle ingespan is**

Mev. Alie Badenhorst het in Julie 1900 in haar dagboek geskryf oor omstandighede in Wes-Transvaal kort na die Britse besetting van Klerksdorp en Hartbeesfontein, maar voordat plaasverwoesting 'n aanvang geneem het. Sy skryf dat patrollies van gewapende swartes in Britse diens gereeld die plase besoek het. Wanneer so 'n patrollie op 'n plaas kom, "eis hulle met geweer in die hand, net wat hulle wil, en die arme vrouens moet maar gee wat hulle vorder" (Badenhorst 1939:176-7).

Een Sondagmiddag het so 'n patrollie haar plaas besoek. Een swarte het, so skryf sy, op haar kinders gevloek, waarop hulle in die huis in gevlug het. Hierna het hy, terwyl hy steeds op sy perd se rug sit, geëis dat iemand vir hom die hek oopmaak, anders sal hy skiet. Mev. Badenhorst het maar vir hom laat oopmaak, want, het sy geskryf, so 'n swarte wat gewapen was kon doen net wat hy wou. Sy was sommer boos vir die burgers wat by Klerksdorp oorgegee en toegelaat het dat die situasie kon ontstaan waar swartes hulle gewig kon rondgooi. Daarbenewens het sy aangeteken dat sy hartseer was dat die Britte swartes gebruik het om weerlose vrouens te verneder (Badenhorst 1939:177-8).

Mev. Maria Fischer, wat voor die oorlog met haar man en kinders op 'n plaas in Oos-Transvaal geboer het, het op 29 Mei 1901 in haar dagboek geskryf dat 'n Britse offisier daardie dag op hulle plaas aangekom en aangekondig het dat hulle weggevoer en die plaashuis vernietig sou word. Sy en haar suster wou hulle verset, maar die offisier "het 'n man met die naam van Snoeks gestuur, wat ... gesê het dat hy ons deur 'n groep swart mans wat by hom is, op die wa sou laat smyt..." (Fischer 1964:8). Die volgende dag moes hulle 'n beperkte aantal aangewese goedere op 'n wa, waarmee hulle weggevoer sou word, laai. Hulle is geen ekstra goed toegelaat nie. Inderdaad, skryf mev. Fischer, die hensopper wat moes toesig hou het die swartes aangesê om, as sy enigiets ekstra oplaai, alles wat op die wa is, af te smyt (Fischer 1964:9).

Talle vroue het in hulle herinneringe melding gemaak van hardhandige optrede van swart mense teen hulle. Mev. MMJ de Waal het in haar herinneringe verklaar dat hulle onder Britse begeleiding na die konsentrasiekamp by Irene op pad was toe dit een nag gereën en baie koud was. Die swartes het 'n groot vuur gemaak en van die goedere wat die vrouens na die kamp wou saamvat, uit hulle hande geruk en in die vuur gegooi (Anon 1925:26-7).

Mev. JC Stander het in haar herinneringe spesifiek opgemerk dat hulle, terwyl hulle in Mei 1901 op waens van Louis Trichardt na Pietersburg vervoer is, ander gevange families ontmoet het wat deur swartes te voet aangejaag is. Onder hulle was twee bejaarde mans wat bitter swaar gekry het. Een van hulle het naamlik malariakoors onder lede gehad en die ander een was gebreklik. Toe een van die vroue weens uitputting 'n bietjie gaan sit het, het 'n swart man haar met 'n knopkierie gedreig (Anon 1925:24).

Mev. GM Joubert van Klerksdorp het in haar herinneringe vertel hoe sy en haar gesin krygsgevange geneem is. Hulle was met hulle waens aan't vlug toe 'n Britse patrollie hulle oorval het. Die Kakies is bygestaan deur 'n aantal gewapende swart soldate wat aktief aan die geveg deelgeneem het. Inderdaad, twee van die swartes het gehelp om hulle tot oorgawe te dwing. Een van hulle het, volgens mev. Joubert, 'n lelike vloekwoord gebruik voor hy prontuit verklaar het: "Ek wou al die Boere doodskiet, want ek wou die wa en die perde vir myself hê!" Na die geveg het een van die Boerevrouens aan die Britse offisier gesê dat Brittanje net so onbeskaaf soos die "barbaarse" swart nasies is (Anon 1925:44-5).

Op 22 Junie 1901 kla mev. Fischer in die konsentrasiekamp in Standerton in haar dagboek oor die "onbeskaafde" optrede van die Britte. Een van die vroue in hulle tent was op die punt om geboorte te skenk toe daar skielik 'n swart man instap. Hy is deur die kampkommandant gestuur om aan die moeder te sê om, wanneer die

kind gebore is, dit onverwyld te gaan aanmeld. Die verskyning van die swart man op daardie ongeleë oomblik was vanselfsprekend vir die vroue verwerplik (Fischer 1964:19).

Die vroue het voorts gekla oor die mishandeling van wit kinders deur swart mans. Mev. EJ van Rensburg van Wolmaransstad het in haar herinneringe verklaar dat toe sy en haar gesin uit hulle plaashuis verwyder is, swartes die verskrikte kinders, wat gehuil het of hulle vermoor word, uit die huis na die waens gedra het (Anon 1925:32). Op 28 Junie 1901 het mev. Fischer in haar dagboek in Standerton geskryf oor die optrede van swart polisiemanne wat haar teen die bors gestuit het. Vir die manlike bewoners van die konsentrasiekamp was daar in die kamp in plaas van 'n urinaal bloot 'n sloot waaromheen 'n seil gespan was. Sy skryf dat as die seuntjies iets gedoen het "wat in stryd was met die regulasies van so 'n sloot" was, hulle deur swart polisiemanne vir straf in die sloot gegooi is. Sy skryf dat sy binne haar eerste drie weke in die kamp twee seuntjies gesien het wat daardie vernederende behandeling ondergaan het (Fischer 1964:21).

Op 17 Oktober 1901 het mev. Fischer in die Merebank-kamp in haar dagboek aangeteken dat daar 'n swart polisieman rondgaan "om die seuns wat met knikkers (= albasters) in die sand speel, te vang en voor die kommandant te bring" (Fischer 1964:55).

Verskeie Boerevroue het in hulle herinneringe melding gemaak van hoe hulle deur swartes gespot is. Mev. MMC Grové het vertel dat terwyl sy en ander vroue op pad was, hulle op die stasies waar die trein stilgehou het, blootgestel is aan "allerlei beledigende en lae aanmerkings" van swartes (asook van Britse soldate) (Anon 1925:13). Mev. PJ Moll het 'n soortgelyke verklaring gemaak (Anon 1925:21).

**Opvatting van vroue dat die Britse oorwinning aan hulp van swartes te danke was**

Op 14 September 1901 het mev. Fischer in haar dagboek geskryf dat die Britte bloot die oorhand in die stryd het as gevolg van die "tydige hulp" van swartes asook van joiners (Fischer 1964:41). Sowat ses weke later herhaal sy hierdie persepsie in haar sarkastiese inskrywing op 29 Oktober 1901: "Die humane Britte, by wie se goedheid alles in die niet versink, kan wel na twee jaar - hul mag, gesteun deur Kaffers en verraaiers, aan twee klein republiekies verswak - 'n hoë bors aan 'n hoop vroue vertoon" (Fischer 1964: 57).

Sommige vroue het geglo die Britte beloon swartes vir hulle viktimisering van Boerevroue. Op 16 Oktober 1901 het mev. Fischer in haar dagboek in die Mere-

bank-kamp geskryf oor 'n insident toe 'n wit man met 'n paar swartes by 'n tent opgedaag het om die kussings, matras en komberse waarop 'n dogtertjie met 'n seer mond gelê het, te konfiskeer. Hulle voorwendsel was dat hulle dit moes verbrand omdat dit 'n aansteeklike siekte was waaraan die dogtertjie gely het. Mev. Fischer se persepsie was dat "Engeland" die matras vir 'n ander doel benodig het, naamlik om swart mense vir hulle dienste te betaal (Fischer 1964:55).

**Joiners met minagting aan swartes gelykgestel**

'n Opvallende verskynsel in die oorloggeskrifte van Boerevroue is hulle neiging om met die grootste minagting die joiners met swartes in verband te bring of gelyk te stel. So skryf mev. Fischer in haar dagboek oor die man, Snoeks, wat haar en haar gesin met die hulp van die swartes van hulle plaas verwyder het dat hy "erg na *kafferbier* gestink" het (Fischer 1964:8).

Sowat 'n maand later skryf sy oor "sy Edele die kommandant" van die konsentrasie-kamp op Standerton dat hy vroeër 'n "hoendersmous in Sekoekoensland" was en voeg sy lakonies by: "Sy maniere laat my dink dat dit waar is" (Fischer 1964:19). Dieselfde mev. Fischer het op 16 Oktober in haar dagboek in Merebank aangeteken dat die Britte bedenklike metodes gebruik om swart mense en "vuile Afrikaners" vir hulle dienste te betaal (Fischer 1964:55).

**Gerugte van moorde en wreedhede deur swartes op witmense**

Op 22 Mei 1901 het Johanna van Warmelo in Pretoria in haar dagboek oor so 'n gerug geskryf: "Vanmiddag het ek iets gehoor wat my siel met onmeetbare vrees en verskrikking vervul het. Mevrou Generaal Botha sê haar man het aan haar vertel dat die Swazies, aangemoedig deur die Engelse, die Boere aangeval en 30 gesinne uitgemoor het - man, vrou en kind. Dertig gesinne! Dit is geen kleinigheid vir 'n jong nasie soos ons nie - en die afskuwelikheid daarvan! O Vader, Vader, wat gaan aan die einde hiervan wees? Ons roep tot God maar diep in ons hart weet ons dit is tevergeefs. Die hand van die Here is teen ons - daar is geen hoop meer vir ons nie… Daar is geen moondheid wat sy vinger sal lig om ons te help nie… Ons is magteloos - ons kommando's word elke dag kleiner en daar is geen moontlikheid om wraak te neem op hierdie verraderlike, onderduimse papbroeke wat ons vrouens en kinders koelbloedig vermoor nie. My hele lewe lank het ek soveel verhale by my ma gehoor oor die verskriklike swart oorloë van die verlede dat ek met afsku vervul is oor hierdie ding. Ek wil nie eers dink oor die pyn en die vrees van daardie stomme, hulpelose wesens toe hulle besef dat barbare met assegaaie en ander barbaarse wapens op hulle toesak nie - dit is genoeg om mens van jou sinne te beroof" (Van Warmelo 22 April 1901).

Van Warmelo het voorts oor hierdie insident geskryf dat die brutale swartes duisende skape buitgemaak het en dié wat hulle nie kon wegvoer nie, van die gras gemaak het en oor die hele plek verstrooi agtergelaat het (Van Warmelo 22 April 1901).

Op 10 Januarie 1902 het Van Warmelo in haar dagboek geskryf dat iemand aan haar vertel het dat agt Boere wat in Noord-Transvaal krygsgevange geneem is, deur gewapende swart mans na 'n dorp begelei is. Dit was 'n alledaagse gebeurtenis, het sy bygevoeg, want die Britte het telkens van gewapende swartes vir begeleidingsdoeleindes gebruik gemaak. In hierdie geval egter het die swartes die agt Boere aangeval, hulle liggame met messe vermink en hulle oë uitgesny. Generaal Beyers het hiervan gehoor en in woede met 35 man die stam waaraan die swartes behoort het, aangeval, maar hy is teruggedryf. Later het Generaal de la Rey se hele kommando by Beyers aangesluit, die stam weer aangeval en totaal uitgewis (Van Warmelo 10 Januarie 1902). Hierdie was na alle waarskynlikheid 'n totaal oordrewe gerug, want De la Rey en Beyers se kommando's het nooit na Desember 1900 saam geveg nie.

Op 25 Mei 1902 maak mev. Fischer in haar dagboek in die Merebank-kamp melding van 'n gerug van 'n moord op Boere deur swart mense "êrens op Witbank, distrik Ermelo" (Fischer 1964:16). Dit was weereens 'n blote gerug, en waarskynlik van alle waarheid ontbloot. Die belang van hierdie inskrywings lê nie in die waarheid van die stellings al dan nie, maar eerder daarin dat dit die persepsie van die vrouens was dat die swart mense wreedaardige aanvalle op Boeregesinne uitgevoer het.

Net een geval waar daar wel 'n groot groep Boere deur swart mense vermoor is, is deur die Britte aan die Boerevroue in die konsentrasiekampe bevestig. Dit was die sogenaamde Holkransmoord van 6 Mei 1902 waartydens Zoeloekrygers 56 burgers van die gras gemaak het (Odendaal c1999:100). Mev. Fischer was in die Merebank-konsentrasiekamp toe sy en haar mede-kampgenote op 19 Mei 1902 van hierdie grusame gebeurtenis gehoor het. Sy het aanvanklik gedink dis bloot 'n kampstorie, maar die nuus is spoedig bevestig. Sy skryf op 21 Mei dat veldkornet Potgieter en sy burgers "deur swartes en nasionale scouts op hoë bevel" vermoor is. Tweede dae later het sy sarkasties hiertoe bygevoeg: "Groots en edel, sulke dade!" (Fischer 1964:115-6).

**Gerugte oor Britse dreigemente om swart kommando's teen vroue te gebruik om vrede af te dwing**

Kort voor die vredesluiting, op 26 Mei 1902, het mev. Fischer in die Merebank-kamp in haar dagboek geskryf dat 'n gerug die rondte doen "dat daar gewapende

swartes in die kamp is" en "dat 'n swart kommando klaar is om op Engelse bevel die vrouekampe kaf te loop as die Boere geen vrede wil hê nie". Hierdie gerug het vanselfsprekend paniek in die kamp veroorsaak, waaroor mev. Fischer skryf: "Elkeen wat 'n weinig van ons geskiedenis weet, kan dink watter indruk dié gerug maak. Dit sou geen buitengewone maatreël wees nie. Wie dink nou nie aan Piet Retief en die Voortrekkers nie?" Dit is dan ook nie verbasend dat 'n hele klomp vrouens by die kampkommandant beskerming gaan vra het nie (Fischer 1964:116-7).

Hierdie gerug was ongetwyfeld van alle waarheid ontbloot, maar dit wil tog voorkom asof daar swartes was wat die vroue bedreig het. Mev. EJ van Rensburg van Wolmaransstad wat ook in die Merebank-konsentrasiekamp opgesluit was, het naamlik in haar herinneringe vertel dat die swart mense in die tyd van die vredesonderhandelinge opstandig en rumoerig was: "Hulle het twee volle nagte by die hekke van die Kamp geskreeu en gedans. Een van hulle kom ons sê dat as die vrede nie uitval so's hulle dit wil hê, dan is die Boere vrouens hulle s'n. Die mans in die kamp moes in die nagte by die hekke waghou" (Anon 1925:36). Mev. Fischer het vas geglo dat die gerug waar was, en dit het bygedra tot haar wrewel in swart mense. Kort nadat die sluiting van die vrede aan haar bekend was, het sy weer oor die gerug geskryf: "Dit lyk nou uit een en ander dat die opskudding oor 'n swart kommando nie van alle waarheid ontbloot was nie! Daar was wel deeglik 'n moontlikheid dat ons almal vermoor sou word as daar nie vrede gemaak is nie. So ver het dit nou al met die beskawing gekom. Die doel heilig die middele" (Fischer 1964:122).

Onder hierdie omstandighede was die vredesluiting met verlies van vryheid vir mev. Fischer 'n skrikwekkende realiteit. Direk nadat die bepalings van die vredesverdrag op 3 Junie 1902 in die Merebank-konsentrasiekamp bekendgemaak is, het sy met afgryse in haar dagboek aangeteken: "Nou voortaan is ons in die mag van 'n veragte, lae vyand wat nie geskroom het om swartes te gebruik om sy doel te bereik nie" (Fischer 1964:121).

**Verhale oor wit mense (Boere) wat moes vlug voor swartes**

In Mei en Junie 1901 het Johanna van Warmelo in die Irene-konsentrasiekampe die verhale wat mense uit die Soutpansbergdistrik aan haar vertel het, in haar dagboek opgeskryf. Sy begin die inskrywing op 14 Mei deur te verklaar dat dit verskriklik is om by hulle te hoor hoe hulle vir die swartes moes vlug. "Een bejaarde man van oor die 60 is met knopkieries toegetakel totdat feitlik elke been in sy liggaam verbrysel was. Die swartes het hom dood agtergelaat - altans so het hulle gedink. Hy het 'n hou op sy een oor gekry en bloed het by die ander een uitgeloop - dit is 'n wonder

dat hy nog leef, maar hy is 'n wrak en sal nooit weer dieselfde wees nie" (Van Warmelo 14 Mei 1901).

Op 8 Junie skryf sy van 'n mev. Wolmarans wat aan haar vertel het hoe sy met haar vier kindertjies voor die swartes uit Smitsdorp moes vlug (Van Warmelo 8 Junie 1901). Twee weke later skryf sy dat die meeste Boeregesinne in die Soutpansberg maande lank vir die swartes moes vlug. In die proses het hulle feitlik al hulle besittings verloor en uiteindelik net met die klere aan hulle liggame in die konsentrasiekampe beland (Van Warmelo 22 Junie 1901).

In herinneringskrifte van Boerevroue is daar talle soortgelyke beskrywings. Voorbeelde is te vinde in Mev. E Neethling se boek **Mag ons vergeet?** (1938:219-27) en die boekie **Stemme uit die vrouekamp** (1925:62, 79, 85-7).

**Vroue deur swartes aangerand**

Hoewel dit nie 'n algemene verskynsel was nie, het daar enkele gevalle van aanranding en selfs verkragting van vroue voorgekom. In die glanspublikasie **Verskroeide aarde** (Pretorius 2001:59) verskyn daar 'n faksimilee-afdruk van 'n verklaring van 'n Boerevrou oor 'n poging van 'n swart man om haar te verkrag. Ds. JD Kestell (1999:224-5) maak van talle soortgelyke verklarings oor aanrandings en verkragtings gewag in sy herinneringe oor die oorlog. Mev. E Neethling het soortgelyke verklarings opgeneem in haar boek **Mag ons vergeet?** (1938:224 spesifiek).

Verhale oor hierdie skokkende gebeure het natuurlik die ore van die Boerevroue tot in die verste uithoeke van die land bereik. En vanselfsprekend het dit die vroue met walging vervul. Op 17 Junie 1901 skryf Johanna van Warmelo in haar dagboek oor 'n mevrou Terblanche wat geboorte aan 'n gesonde kindjie geskenk het nadat sy sewe weke tevore voor swart mense uit moes vlug. Twee swartes het haar egter ingehaal, skryf Van Warmelo, "en wat toe gebeur het kan ek nie hier vertel nie - daar is dinge, verskriklike dinge in hierdie bestaan van ons, waaroor mens nie praat nie. Sy het dit oorleef - O Vader, wat het sy nie oorleef nie." Sedert daardie verskriklike dag, skryf Van Warmelo, het Terblanche nooit iets gesê nie en bloot net voor haar uit gesit en staar (Van Warmelo 17 Junie 1901). Dit was by die aanhoor van verhale soos hierdie dat Van Warmelo gedrewe gevoel het om 'n bittere versugting neer te skryf: "As die Engelse tog maar eerder die swartes van die aangesig van die aarde wil afvee as om hulle wit broers te vermoor..." (Van Warmelo 17 Junie 1901).

**Swartes wat deernis met Boere gehad het**

Nie naastenby alle verwysings na swart mense in die dagboeke en herinneringskrifte van Boerevrouens was negatief nie. So byvoorbeeld het Johanna van Helsdingen oor die situasie kort na die Britse besetting van die Oos-Vrystaat en voor die oprigting van konsentrasiekampe opgemerk dat daar talle swartes was wat geheg aan die Boerevroue was en wat graag self die rusverstoorders sou wou verdelg, indien dit moontlik was. In meer as een geval het hulle bitterlik geween toe die vroue en kinders weggevoer is (Van Helsdingen c1903:41). Op 'n ander plek in haar herinneringe vertel sy van 'n sieklike Boerevrou wat op 'n wa gelaai moes word toe die Britte haar weggevoer het. Dié vrou wou nie dat soldate haar op die wa laai nie, maar haar eie swart werkers, "daar hun harten voor haar voelden" (Van Helsdingen c1903:59).

**Die nalatenskap**

Die oordrag van persepsies van moeder na kind is 'n verskynsel waaroor daar al boekdele geskryf is sonder dat klinkklare afleidings geredelik moontlik is (byvoorbeeld Haralambos 1983: hoofstukke 8 en 9; Cunningham et al 1998: hoofstuk 13 en Schaefer & Lamm 1992: hoofstuk 13). In hierdie artikel word die standpunt ingeneem dat die Boerevroue se geestelike nalatenskap aan hulle kinders veel verder as bloot 'n oordrag van haat vir al wat "Engels" is, gestrek het. Net soos wat die vroue hulle haat vir die "Engelse" aan hulle kinders oorgedra het, het daardie kinders ongetwyfeld ook hulle moeders se negatiewe gevoelens teenoor swart mense saam met hulle moedersmelk ingekry. Deur middel van hulle spontane beïnvloeding van die denke van hulle kinders het die Boerevroue as gevolg van hulle negatiewe belewenis van swart mense, veral in die era van die Anglo-Boereoorlog, 'n bepalende invloed gehad op die ontwikkeling van die denkwêreld waarin die apartheidsbeleid bykans 50 jaar na die oorlog tot wasdom gekom het.

Op grond van hierdie hipotese neem die skrywer die standpunt in dat historici en ander ontleders tot dusver die vormende krag van vroue en moeders as meningsvormers in die geskiedenis van Suid-Afrika geïgnoreer het en in die proses spesifiek nagelaat het om die verband tussen die Anglo-Boereoorlog en die 20ste eeuse Afrikaner se rassebeskouings na behore te identifiseer. Net soos die eerste geslag Afrikanerkinders wat na die Anglo-Boereoorlog gebore is, eers moes sterf voordat die verdeeldheid tussen Boer en Engelsman in Suid-Afrika finaal verdwyn het, net so moes daardie selfde geslag Afrikanerkinders sterf voordat haat, vrees en afsku vir swart mense uit Afrikanergeledere geskuif kon word. Daar is vanselfsprekend 'n magdom kragte wat gesamentlik inwerk op die doen en late van

gemeenskappe. Die krag van moeders as meningsvormers is maar een so 'n krag, maar ongetwyfeld nie 'n krag wat onderskat mag word nie.

**Bronne**

Anon 1925. **Stemme uit die vrouekampe. Gedurende die Tweede Vryheids Oorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902.** Potchefstroom: privaat uitgegee.

Badenhorst A 1939. **Tant Alie van Transvaal. Die dagboek van Alie Badenhorst.** (Uit die oorspronklike Hollands vertaal deur ME Rothmann.) Kaapstad: Nasionale Pers.

Breytenbach JH (red.) 1949. **Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog.** Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Cunningham P, Boult B en Popenoe, D 1998. **Sociology. First South African Edition.** Prentice Hall South Africa.

Fischer MA 1964. **Tant Miem Fischer se kampdagboek Mei 1901-Augustus 1902.** Tafelberg.

Haralambos M (with Heald R) 1983. **Sociology. Themes and perspectives.** Slough: University Tutorial Press.

Kestell JD 1999. **Met die Boerekommando's.** (Vertaal deur DPM Botes.) Pretoria: Protea Boekhuis.

MacDonald J Ramsay 1942. **Wat ek in Suid-Afrika gesien het, September en Oktober 1902.** (In Afrikaans vertaal deur J Albert Coetzee.) Johannesburg et al: Voortrekkerpers Beperk.

Marais P 1999. **Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.** Pretoria: JP van der Walt.

Neethling E 1938. **Mag ons vergeet?** Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers.

Odendaal RF c1999. **Swartes en die Tweede Boere-vryheidsoorlog 1899-1902.** Nylstroom: Privaat uitgegee.

Pretorius F 1988. **Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.** Pretoria: Doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Pretorius F (red.) 2001. **Verskroeide aarde.** Kaapstad: Human & Rousseau.

Schaefer RT en Lamm RP 1992. **Sociology** (vierde uitgawe). New York et al: McGraw-Hill.

Van Helsdingen J c1903. **Vrouwenleed. Persoonlijke ondervindingen in den Boerenoorlog.** Amsterdam-Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij.

Van Warmelo, J 1899-1902. **War diary** (7 volumes, ongepubliseer), Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.